



Wenk van die Maand

September 2018

REËNVASTHEID VAN ONKRUIDDODERS

Reënvastheid is 'n term wat dikwels met sekere onkruidodders gebruik word. Reënvastheid het twee betekenis, naamlik kleef van die spuitdruppel neerslag a.g.v. kleefmiddel byvoegmiddels, of dit kan ook tempo en hoeveelheid opname beteken. In die vorige uitgawe het ons vlugtig aan die tempo en hoeveelheid opname geraak. In hierdie uitgawe gaan die opname proses, met betrekking tot reënvastheid, in meer detail bespreek word.

Die opname proses

Wanneer onkruidodders toegedien word, is dit 'n algemene fout om aan te neem dat die opname proses voltooi is sodra die water uit die spuitdruppel verdamp het. Die waarheid is eerder dat in die meese gevalle, die opname dan eers begin! Die opname proses vir sekere onkruidodders is baie vining en vir ander is dit weer stadig, maar alle sistemiese onkruidodders moet deur soortgelyke prosesse gaan.

Hierdie prosesse sluit die volgende in: (1) Die behoud van soveel druppels moontlik op die blaaroppervlak, (2) die korrekte hoeveelheid druppelverspreiding vir genoegsame opname, (3) die korrekte voggehalte van die spuitdruppel neerslag en (4) die korrekte chemiese en fisiese eienskappe van die druppel neerslag om 'n optimale opname proses te bewerkstellig. Dit is dus 'n hoogs komplekse proses wat verskeie faktore insluit. Onder ideale omgewingstoestande hoef al hierdie prosesse nie optimaal vir aanvaarbare onkruidbeheer te wees nie.

Onder sub-optmale toestande, kan die benadeling van net een van hierdie prosesse, egter die verskil tussen aanvaarbare en onaanvaarbare beheer beteken.

Dit kan ook drasiese gevolge op die reënvastheid van die onkruidoder inhou.

Reënvastheid en byvoegmiddels

Die opname prosesse is so kompleks, dat 'n effektiewe byvoegmiddel nodig is om al vier hierdie prosesse te fasiliteer. Sodoende kan die beste moontlike onkruidbeheer bewerkstellig word. Dit sal verseker dat genoeg onkruidoder opgeneem word om effektief onder die meeste toestande te presteer. Hierdie optimalisering van die opname hoeveelheid en tempo kan ook reënvastheid genoem word. Reën na 'n sekere tydsverloop sal geen effek op effektiwiteit hê nie, omdat genoeg onkruidoder opgeneem is om goeie beheer te bewerkstellig.

Dit is waarom dit geweldig belangrik is om die korrekte byvoegmiddel te gebruik om die hoeveelheid onkruidoder wat uiteindelik opgeneem word, te verhoog. Byvoegmiddel keuse is altyd belangrik, maar dit word selfs meer belangrik wanneer omgewingstoestande ongunstig is. Omdat die toestande dikwels nie ideaal in Suid-Afrika is nie, is byvoegmiddel keuse van kardinale belang.

Villa se mening

Reënvastheid van onkruidodders dui aan dat daar genoegsame opname vir optimale onkruidbeheer plaasgevind het.

Tenkmengsel byvoegmiddels speel dikwels 'n belangrike rol met onkruidoder opname en reënvastheid. Die Villa byvoegmiddel aanbevelings word op vinnige en verhoogde opname van onkruidodders gemik. Gebruik asseblief beproefde byvoegmiddels om onkruidoder opname en onkruidbeheer te verhoog.

Kontak Brian de Villiers vir meer inligting oor byvoegmiddels en waterkwaliteit by
082 880 0974 of
bdevilliers@villacrop.co.za